GROEP NOTAS | *GROUP NOTES*

SONDAG 21 JAN 2018 | ***SUNDAY 21 JAN 2018***

WELKOM | ***WELCOME***

- Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy ‘n getuienis van iets wat God gedoen het?
- *What has been positive about the past week? Any good news? What are you thankful for? Have you got a testimony of what God has done?*

WOORD | ***WORD***

HY NOEM MY SEUN, EK NOEM HOM VADER. | ***HE CALLS ME SON, I CALL HIM FATHER.***

Johannes 1:12-13 “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. 13 Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.”

John 1:12 “Yet to all who did receive him, to those who believed in his name, he gave the right to become children of God—13 children born not of natural descent, nor of human decision or a husband’s will, but born of God.”

- Watter goeie herinneringe het jy van jou verhouding met jou pa? Watter positiewe dinge het jy van hom geleer? (Indien jy nie ‘n pa gehad/het nie, dink aan die persoon wat ‘n pa-figuur vir jou was.)
- *What good memories do you have of your dad? What positive lessons did you learn from him? (If you didn’t / don’t have a dad, think of someone who represented a father figure to you.)*

- Wat dink jy is die hoof verantwoordelikhede van ‘n pa?
- *What do you think are the main responsibilities of a dad?*

- God is ‘n goeie Vader vir ons. Hoe dink jy wil Hy betrokke wees in jou lewe?
- *God is a good Father to us. How, do you think, does He want to be involved in your life?*

- Wat dink jy verwag God van jou?
- *What do you think God expects of you?*

- God gee ons die reg om Sy kinders genoem te word. Hoe laat dit jou voel?
- *God gives us the right to be called His children. How does that make you feel?*

- Hoe sal jy huidiglik jou verhouding met God beskryf? [Sleg – ek ken Hom glad nie. Gemiddeld – dit kan beter. Goed – Ek is tevrede met my verhouding met God.] Hoekom?
- *How would you currently describe your relationship with God? [Bad – I don’t know Him. Average – it can be better. Good – I am satisfied with my relationship with God.] Why?*

- Noem een manier hoe jy jou verhouding met God kan verbeter in 2018.
- *Think of one way to better your relationship with God in 2018.*

- BID VIR MEKAAR, FAMILIE & VRIENDE. BID VIR GEBEDSVERSOEKE.
- PRAY FOR EACH OTHER, FAMILY & FRIENDS. PRAY FOR PRAYER REQUESTS.